

Die Omgewingsbeleid vir Stad Kaapstad

Oktober 2001

Inleiding

1.1 Ons konteks

Die Stad Kaapstad (SK) se mense, natuurprag en hulpbronne is sy grootste bates. Die stad word deur see en berge omring en lê in die kleinste van die wêreld se ses blommeryke. Die SK spog met 'n groot verskeidenheid fauna en flora wat vir só 'n klein gebied uniek is. Die SK is kultureel uiteenlopend, met 'n ryk geskiedenis en geboue-omgewing. Dit is die suidelikste stad op die Afrika-vasteland en die ekonomiese kern van die Provinsie Wes-Kaap. Dié unieke omgewing hou die Stad Kaapstad se gemeenskappe in stand.

Met 'n groeiende bevolking en 'n al hoe groter gaping tussen bevoordeelde en benadeelde groepe, staan die SK voor die uitdaging om ontwikkeling te bevorder, en terselfdertyd die herverspreiding van hulpbronne te bestuur om huidige ongelykhede reg te stel. Om die al hoe groter behoeftes van 'n grootliks verarmde bevolking aan te spreek en die gesondheid van gemeenskappe te verseker, moet die SK sowel plaaslik as internasionaal ekonomies mededingend word. Terwyl die SK in die rigting van dié doelwitte werk, is dit uiters belangrik dat hy sy unieke ekonomiese bate – die omgewing – huldig en doeltreffend bestuur. Die grootse element in die bereiking van dié strategie is om die grondliggende beginsels en benaderings van volhoubare ontwikkeling toe te pas.

In reaksie op dié uitdagings het die voormalige Kaapse Metropolitaanse Raad (KMR) 'n proses aangepak om 'n geïntegreerde metropolitaanse omgewings bestuurstrategie te ontwikkel. Hierdie Geïntegreerde Metropolitaanse Omgewingsbeleid ("Integrated Metropolitan Environmental Policy" of IMEP) sal die grondslag vorm vir 'n reeks strategieë en programme om te verseker dat daar by die beginsels van volhoubaarheid gehou word. Só sal daar aan bestaande behoeftes voldoen word, en sal ons hulpbronne tot voordeel van toekomstige geslagte in stand gehou word.

Die IMEP is 'n verklaring van voorneme, en 'n verbintenis tot bepaalde beginsels en etiek. Dit sluit ook die ontwikkeling van sektorstrategieë met besonderhede oor doelwitte, teikens, programme en stappe in wat nodig is om die volhoubare gebruik van hulpbronne en die bestuur van dié unieke omgewing tot voordeel van alle gemeenskappe te verseker.

Die struktuur van plaaslike regering in die SK is onlangs van sewe plaaslike owerhede na een plaaslike metropolitaanse plaaslike raad of Unistad verander. Hierdie beleid is tydens dié tydperk van instellingsverandering opgestel, maar die bedoeling is dat dit vir die volgende 20 jaar toepaslik moet wees vir welke instellingsreëlings ook al geld.

1.2 Ons verantwoordelikhede

1.2.1 Verantwoordelikhede van Plaaslike Regerings

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) waarborg aan almal die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie. Voorts verbind die Grondwet alle regeringsvlakke tot volhoubare ontwikkeling om te verseker dat die omgewing vir huidige en toekomstige geslagte beskerm word. Die grondwetlike rolle en verantwoordelikhede van plaaslike owerhede vereis plaaslike regeringsliggame se verbintenis tot dié beginsels.

Die plaaslike owerheid van SK sal die beleid as deel van 'n geïntegreerde metropolitaanse omgewingsbestuurstrategie in werking stel. Die strategie sal aan die plaaslike owerheid se bedrywighede en programme rigting gee en volhoubare ontwikkeling só bevorder.

Die bestuur van die Stad Kaapstad se omgewing word ook deur ontluikende nasionale en internasionale wette en wetgewing gerig. Sowel IMEP as die inwerkingstelling daarvan moet aan dié hoërorde-wette en opdragte voldoen, bv. die Internasionale Konvensie rakende Biodiversiteit en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (WNOB).

1.2.2 Burgerlike verantwoordelikhede

Almal wat in die Stad Kaapstad woon of dit besoek, is vir die bewaring en verbetering van sy unieke omgewing verantwoordelik. Die plaaslike regering aanvaar verantwoordelikheid vir dié verbetering en bevordering, terwyl die burgerlike samelewing 'n aktiewe rol speel om die beleid te steun, te verseker dat dit in werking gestel word, en dit te monitor.

2. Ons visie vir die Stad Kaapstad se omgewing in die Jaar 2020

Plaaslike regering sal deur die volgende visie vir die omgewing in die Jaar 2020 in sy aktiwiteite gelei word:

Oor twintig jaar …

- Sal die mense hoë eise aan die owerhede stel wat omgewingsbestuur, monitering, ouditering en toerekenbaarheid betref. Omgewingskwessies sal op 'n gestruktureerde en doeltreffende manier behartig word, en impakstudies sal 'n beter esteties en ekologies gebalanseerde Stad Kaapstad verseker het.

- Sal daar 'n positiewe verhouding tussen die plaaslike regering en burgerlike samelewing wees, asook gesamentlike verantwoordelikheid vir die omgewing, en etiese vennootskapsbou.

- Sal die bevolking van die Stad Kaapstad ingelig en bewus wees wat die omgewing betref. Omgewingsopvoeding sal verseker het dat mense vir hul omgewing omgee en dit respekteer.

- Sal die omgewingskwaliteit ten opsigte van die lug, water, grond en die see verbeter het.

- Sal die kultuurerfenis en geboue-omgewing verbeter, gerestoureer en beskerm wees, en sal uiteenlopende gelowe en kulture die Stad Kaapstad se samelewing verbeter het.

- Sal daar geen omgewingsarmoede meer wees nie, en sal alle gemeenskappe in 'n omgewing woon wat nie vir hul gesondheid of welsyn skadelik is nie.

- Sal daar doeltreffende afvalbestuur wees, en sal die bevolking herwinning steun.

- Sal geriewe vir die behandeling van rioolwater doeltreffend wees en aan wetgewingsvereistes voldoen.

- Sal openbare vervoer veilig, skoon en doeltreffend wees en nie die omgewing besoedel nie. Pendelaars sal minder private vervoer hoef te gebruik, en daar sal aansienlik minder verkeersknope en lugbesoedeling wees. Openbare vervoer sal alle inwoners van Kaapstad veilige, bekostigbare en gerieflike toegang tot stedelike geleenthede gee.

- Sal daar genoeg en goed verspreide oop ruimtes vir ontspanning en volgehoue biodiversiteit wees.

- Sal die Stad Kaapstad se gemeenskappe genoeg skuiling, basiese dienste, toegang tot opvoeding, werkgeleenthede en ontspanning hê. Inwoners sal 'n volhoubare bestaan kan maak wat met die natuurlike omgewing in harmonie is.

- Sal die verbruik van water en energie-hulpbronne optimaal en doeltreffend bestuur word.

3. Algemene beleidsbeginsels

In ons strewe om ons visie vir die Stad Kaapstad se omgewing in 2020 te verwesenlik, verbind ons die Stad Kaapstad tot die volgende algemene beleidsbeginsels vir die inwerkingstelling van strategieë en aksieprogramme.

3.1 Omskrywings

Volhoubare ontwikkeling streef daarna om 'n balans tussen ekonomiese, maatskaplike en natuur-omgewingsbehoeftes te vind; dit voldoen aan die behoeftes van huidige geslagte sonder om die vermoë van toekomstige geslagte om aan hul eie behoeftes te voldoen te andermyn.

Die term "omgewing" word omskryf om ons natuurlike, maatskaplike, ekonomiese, stedelike, landelike en kulturele konteks in te sluit, soos die Stad Kaapstad se gemeenskappe dit ervaar.

3.2 Algemene beleidsbeginsels

'n Verbintenis tot die **toepassing en implementering van die beginsels en benaderings tot volhoubare ontwikkeling in die Stad Kaapstad**, en versekering dat plaaslike owerheid omgewingsaangeleenthede in besluitneming op alle vlakke sal integreer. 'n Verbintenis om te verseker dat huidige geslagte natuurlike hulpbronne só gebruik dat almal daarby baat vind, maar steeds verseker dat hulle vir gebruik deur toekomstige geslagte beskerm word.

'n Verbintenis tot die **beskerming van die Grondwetlike regte op 'n gesonde omgewing** en die aanvaarding van die verantwoordelikhede en verpligtinge van volhoubare dienslewering en ekologies volhoubare ontwikkeling tot almal se voordeel.

'n Verbintenis deur die Stad Kaapstad tot **die ontwikkeling en implementering van gedetailleerde sektorstrategieë**, ten einde die algemene beleidsbeginsels vir alle omgewingsaangeleenthede te implementeer en af te dwing en soedoende aan die verbintenisse in die sektorbenaderings te voldoen.

'n Verbintenis tot 'n **holistiese** benadering tot die omgewing en die beskerming van die Stad Kaapstad se **unieke biodiversiteit**. Voorts, 'n verbintenis tot 'n spesiale verantwoordelikheid namens die internasionale gemeenskap om die **bewaring en beskerming van die Kaapse Blommeryk te verseker.**

'n Verbintenis (as 'n minimum) tot **voldoening aan** of waar moontlik 'n oorskryding van **die vereistes van toepaslike internasionale, nasionale en provinsiale omgewingswetgewing.**

'n Herkenning deur die Stad Kaapstad van die **inherente regte van alle lewende wesens** en 'n verbintenis tot die menslike behandeling van alle diere, sowel mak as wild.

'n Verbintenis tot 'n **verantwoordelike rentmeesterskap oor die hulpbronne wat aan die plaaslike owerheid toevertrou is,** deur oop, oorlegplegende, geïntegreerde en deursigtige bestuur van die Stad Kaapstad. Dit kan bereik word deur te verseker dat **omgewingsoplossings en -bedrywighede** te alle tye **volgens beste praktyke geïmplementeer** word en dat volhoubare vennootskappe met gemeenskappe gesmee word.

'n Verbintenis om die **voorkomingsbeginsel** toe te pas, wat lui dat indien die omgewingsgevolge van 'n voorgestelde bedrywigheid 'n besondere impak het of kommer wek en nie bepaal kan word nie, daardie bedrywigheid nie aangepak moet word nie.

Die Stad Kaapstad se verbintenis tot die integrasie van omgewingsoorwegings in al sy funksies en bedrywighede, met inbegrip van strategiese beplanningsinisiatiewe soos die **Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), en internasionale inisiatiewe soos Plaaslike Agenda 21.**

'n Verbintenis om die **inwoners** by die besluitnemingsproses ten opsigte van omgewingsbestuur in die Stad Kaapstad **te betrek en as vennote te werf**.

'n Verbintenis deur die Stad Kaapstad om die **uitwerking van sy bedrywighede op die omgewing** deur begrip en monitering van sy ekologiese omvang te erken en te minimaliseer.

'n Verbintenis tot die **bevordering van 'n etiek van gesamentlike omgewingsverantwoordelikheid** in die Stad Kaapstad deur **omgewingsopvoeding en bewustheidsprogramme**.

'n Verbintenis deur die Stad Kaapstad om die **rol van benadeelde gemeenskappe** (veral die jeug, vroue en gestremdes) in die ontwikkeling en verbetering van die stad te erken.

'n Verbintenis deur die Stad Kaapstad tot **oop, deursigtige en doeltreffende omgewingsbestuur.**

3.3 Inwerkingstelling van IMEP

IMEP sal op die hoogste vlak van plaaslike bestuur in die Stad Kaapstad ingestel word. Die Algemene Beleidsbeginsels sal rigting gee en as 'n raamwerk vir omgewingsbestuur dien. Gedetailleerde sektorstrategieë sal só ontwikkel word dat planne, aksies, teikens, aanwysers en programme ingestel word om bepaalde omgewingskwessies aan te spreek.

Inwerkingstelling van IMEP en die sektorstrategieë sal deur middel van 'n geïntegreerde benadering binne die Stad Kaapstad se lynfunksies plaasvind.

Dit sal deur die volgende kanale tot uitvoer gebring word:

- Die aanvaarding van IMEP as 'n korporatiewe beleid.
- Die ooreenstemming en integrasie van IMEP met ander korporatiewe beleide en strategieë.
- Die ontwikkeling en implementering van gedetailleerde sektorstrategieë, soos in die sektorbenaderings beskryf, binne vyf jaar ná die aanvaarding van hierdie beleid.
- Die ontwikkeling en implementering van ses prioriteitsektorstrategieë binne twee jaar ná die aanvaarding van IMEP.
- 'n Verbintenis om gedurige verbetering in omgewingsprestasies te verseker.
- 'n Verbintenis om 'n beleidsimplementeringspan te stig, met verteenwoordigers van senior bestuur van alle toepaslike finansiële, bedryfs- en diensleweringseenhede.
- 'n Verbintenis om sterk standpunt oor alle omgewingsaangeleenthede in die Stad Kaapstad in te neem.
- 'n Verbintenis tot die implementering van 'n institutionele raamwerk wat IMEP binne plaaslike regering integreer en wat die implementering van IMEP deur projekte en aksies binne alle bedrywighede van plaaslike owerhede in die Stad Kaapstad doeltreffend vergemaklik.
- 'n Verbintenis tot die implementering van strategieë, stelsels en programme om te verseker dat die IMEP-beleidsverklarings wat in dié beleid aanvaar word, in die Stad Kaapstad tot uiting kom.
- 'n Verbintenis om toepaslike omgewingsbestuurswerktuie as deel van die plaaslike regering se breë omgewingsbestuurstrategie te aanvaar, te gebruik en toe te pas.

3.4 Implementeringsmeganismes vir IMEP

'n Verbintenis deur plaaslike owerhede tot die beginsels van geïntegreerde beplanning en besluitneming, en voortdurende verbetering van alle aktiwiteite en bedrywighede wat die omgewing raak. Dié beginsels kry uiting deur:

- Die aanvaarding van Plaaslike Agenda-21-beginsels
- Gereelde omgewingsmonitering, openbare verslae oor die toestand van die omgewing, asook ander verslag- en omgewingsmoniteringsmeganismes
- Die gebruik van doeltreffende en erkende Omgewingsbestuurstelsels (OBS)
- Die ontwikkeling en monitering van volhoubaarheidsprestasieaanwysers
- Die toepassing van 'n Koste-voordeelontleding (KVO) en koste-ontleding vir 'n volle lewensiklus wanneer alternatiewe beoordeel word, en die keuse van die beste volhoubare langtermyn-oplossings
- Aanvaarding en inwerkingstelling van die beginsels van Geïntegreerde Omgewingsbestuur (GOB) vir alle projekte en bedrywighede
- Die toepassing van omgewingsrisikobepaling
- Die ontwikkeling van omgewingsriglyne, waar toepaslik, vir bedrywighede met 'n uitwerking op die Stad Kaapstad se omgewing
- Die vereiste voldoening aan bestaande omgewingsriglyne deur alle organisasies en bedrywighede met 'n uitwerking op die Stad Kaapstad se omgewing
- Die gebruik van toepaslike werktuie om die beginsel van die Beste Praktiese Omgewingsopsie (BPOO) te bevredig
- Volgehoue navorsing en die ontwikkeling van meganismes vir die geïntegreerde omgewingsbestuur van die Stad Kaapstad
- Jaarlikse openbare verslae oor sektorbenaderings en die implementering van IMEP
- Toepassing van wette, verordenings, internasionale verdrae en strategieë
- Ontwikkeling van nuwe wette en verordenings.
- Omgewingsopvoedingsprogramme op alle vlakke van plaaslike regering

4. Sektorbenaderings tot IMEP

Hierdie afdeling bevat besonderhede oor sektorbenaderings tot IMEP. Sektore, departemente, leweringseenhede en lynfunksies van die Stad Kaapstad moet gedetailleerde implementeringstrategieë ontwikkel om dié sektorbenaderings aan te spreek. Die sektorbenaderings, wat die vorm van verbintenisse sal aanneem, word gegrond op die kwessies wat in die Toestand van die Omgewings-verslag (TvO) geïdentifiseer is, saam met die aangeleenthede en beleidsopsies wat tydens die proses van openbare en belanghebber-oorlegpleging in die IMEP-ontwikkelingsproses uitgeken is.

Sektor-strategieë sal ontwikkel word wat planne, aksies, teikens, aanwysers en programme in werking sal stel om die verbintenisse in die sektorbenaderings uit te voer. Dié sektorstrategieë sal binne vyf jaar ná die aanvaarding van IMEP as amptelike beleid ontwikkel word.

Die diagram toon die breë inwerkingstelling van 'n geïntegreerde omgewingsbestuurstrategie vir die Stad Kaapstad.



Vir volhoubaarheid in die Stad Kaapstad: Illustrasie van omgewingstrategie

Sektorbenaderings

4.1 Lug

'n Verbintenis tot die vermindering van alle soorte lugbesoedeling en die potensiële omgewingsgesondheidsrisiko's wat daarmee verband hou. Dié verbintenis behels onder meer:

- 'n Besef dat die minimalisering van lugbesoedeling en beheer oor besoedeling 'n prioriteit is
- 'n Besef dat besoedelingsvlakke die gesondheid van gemeenskappe kan benadeel
- 'n Besef van die ophopende uitwerking van bestaande bronne van lugbesoedeling

4.2 Waterbronne

'n Verbintenis om te verseker dat die gehalte van see- en rivierwater in die SK vir die behoud van biodiversiteit en die beskerming van mense se gesondheid geskik is, en 'n verbintenis tot die beginsel dat alle bewoners van die SK die reg op skoon, drinkbare en toereikende waterbronne het. Dié verbintenis behels onder meer:

- 'n Besef dat water 'n skaars en waardevolle hulpbron is wat gemeenskappe, ekosisteme en ekonomiese ontwikkeling in stand hou
- 'n Besef van die belangrikheid van grondwater as 'n waterbron
- Die bestuur van die vraag na water om die volhoubaarheid en bekostigbaarheid van waterbronne en die omgewing op die lange duur te verseker
- Die behoud van watergehalte sodat dit minstens aan die nasionale standaarde wat die Departement van Waterwese en Bosbou vasgestel het, voldoen.
- Die doeltreffende bestuur van alle rioolwaterstelsels

4.3 Landvorms en grondsoorte

'n Verbintenis waar besef word dat die bewaring en verbetering van landvorms en grondsoorte in die Stad Kaapstad vir die volgende noodsaaklik is:

- Die bewaring van fauna, flora en die Stad Kaapstad se unieke biodiversiteit
- Menslike bedrywighede soos land- en tuinbou
- Die minimalisering van gronderosie
- Beskerming van die Stad Kaapstad se landskap

4.4 Fauna en Flora

'n Verbintenis tot die bewaring van biodiversiteit in die SK deur:

- Die verbetering en beskerming van endemiese biodiversiteit
- 'n Besef dat die bewaring en beskerming van biodiversiteit op land 'n prioriteit is
- Die erkenning en beskerming van die Stad Kaapstad se unieke kus- en see-omgewing en biodiversiteit
- 'n Besef dat die Stad Kaapstad se natuur-omgewing, wat verskeie noodsaaklike goedere en dienste bied, sy waardevolste hulpbron is
- 'n Besef van die negatiewe gevolge van buitelandse indringerspesies op die omgewing
- 'n Prioriteit vir brandbestuur binne die Stad se grense
- 'n Versekering van volhoubare en billike grondgebruikpraktyke in die Stad Kaapstad

4.5 Kultuurerfenis

'n Verbintenis om te verseker dat die Stad Kaapstad se uiteenlopende kultuurerfenis behou, beskerm en verbeter word. Dit behels onder meer:

- 'n Besef van die Stad Kaapstad se ryk kultuurgeskiedenis
- 'n Besef van die belangrikheid van kulturele praktyke
- Erkenning van al die kulture en gelowe in die Stad Kaapstad
- Die insluiting van kulturele waardes, terreine en landskappe van historiese waarde, natuurskoon en plekke van geestelike waarde in beplanning en besluitneming

4.6 Verstedeliking en behuising

'n Verbintenis tot 'n besef dat skuiling en dienste vir 'n groeiende bevolking nodig is, en 'n gelyktydige besef dat omgewingskenmerke en -stelsels beskerm moet word. Dié verbintenis behels onder meer:

- Die bevordering van skoon, gesonde, veilige en doeltreffende leefomgewings wat gemeenskappe, hul behoeftes en die omliggende omgewing in ag neem
- 'n Klem op die opgradering van stedelike armes se leefomgewings
- 'n Besef van die behoefte om onbeheerde stedelike uitbreiding te bestuur, omdat dit die Stad Kaapstad se hulpbronne bedreig en ongewenste maatskaplike, omgewings- en ekonomiese koste tot gevolg het, deur 'n meer kompakte metropolitaanse gebied te skep
- 'n Besef van die uitwerking van ligbesoedeling
- 'n Besef dat 'n doeltreffende Metropolitaanse Oopruimtestelsel ("Metropolitan Open Space System" of MOSS) noodsaaklik is om biodiversiteit in die Stad Kaapstad te beskerm en toegang tot ontspanningsgeleenthede vir almal te verseker

4.7 Infrastruktuur

'n Besef dat die voorsiening en lewering van infrastruktuur ons leefomgewing kan verbeter, maar ook 'n uitwerking op die omgewing kan hê. Die verbintenis behels onder meer:

- Om te verseker dat die beginsels en benaderings van volhoubare ontwikkeling in die beplanning en lewering van infrastruktuur toegepas word
- 'n Verbintenis tot plaaslike toepaslike infrastruktuur wat die leefomgewing verbeter
- 'n Verbintenis om gebiede met te min dienste 'n prioriteit te maak wanneer infrastruktuur ontwikkel word

4.8 Vervoer

'n Verbintenis tot 'n besef dat vervoer vir toegang tot geriewe en werkgeleenthede nodig is, maar dat dit waardevolle hulpbronne verbruik en tot omgewingsagteruitgang bydra. Dié verbintenis behels onder meer:

- 'n Poging om die beste voordele, maar terselfdertyd die minste omgewingskoste vir vervoerstelsels te bewerkstellig
- 'n Verbintenis om 'n veilige, toeganklike en bekostigbare stelsel vir openbare vervoer te bewerkstellig
- 'n Verbintenis tot die vermindering van die noodsaaklikheid om te reis, en bevordering van die gebruik van openbare vervoer
- Bevordering van toepaslike vervoerstelsels wat die uitwerking op die omgewing verminder terwyl beweeglikheid vir almal verbeter word

4.9 Energie

'n Besef van die belangrikheid van energie en die rol daarvan vir ontwikkeling, asook die negatiewe uitwerking wat energieproduksie op die omgewing kan hê, en 'n verbintenis tot energiebronne met die minste uitwerking op die omgewing en die gesondheid van gemeenskappe. Dié verbintenis behels onder meer:

- Die oorweging van energiedoeltreffendheid in alle funksies en bedrywighede
- 'n Verbintenis om die gebruik van ondoeltreffende energiebrandstof en dié met hoë besoedelingsvlakke te ontmoedig
- Die vermindering van energieverbruik
- Ondersoeke na, steun vir en bevordering van alternatiewe, hernubare, skoner en veiliger energiebronne

4.10 Afval

'n Verbintenis tot die behoefte aan 'n geïntegreerde afvalbestuurstrategie wat sowel die voortbrenging van en wegdoening met soliede en vloeibare afval aanspreek, asook die veilige versameling, vervoer en wegdoening daarvan, en die vermindering van onwettige storting. Dié verbintenis behels onder meer:

- 'n Verbintenis tot die vermindering en voorkoming van afval
- Steun vir en bevordering van afvalherwinningsinisiatiewe
- 'n Besef dat die bestryding van onwettige storting en rommelstrooiery in die Stad Kaapstad 'n prioriteit is
- 'n Verbintenis tot die veilige bestuur van gevaarlike afval

4.11 Ekonomie

'n Verbintenis tot die besef dat die Stad Kaapstad se omgewing sy grootste bate is, en dat volhoubare dit ekonomiese groei, werkskepping en die vermindering van die huidige hoë armoedevlakke in die Stad Kaapstad verg. Dit behels onder meer 'n verbintenis tot:

- 'n Besef van die interafhanklikheid van ekonomiese ontwikkeling, armoede en die omgewing
- Steun vir strategieë vir ekonomiese ontwikkeling en inisiatiewe wat internasionale mededingendheid bevorder, werk skep, armoede bestry, en die lewens- en sake-omgewing verbeter

4.12 Omgewingsgesondheid

'n Verbintenis tot die Grondwet van Suid-Afrika, wat aan almal 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie, waarborg. Onder meer behels dit 'n besef dat:

- Swak leefomgewings tot 'n groter risiko van oordraagbare siektes soos MIV/vigs en TB bydra
- Omgewingsgesondheidrisiko's in die Stad Kaapstad grootliks die gevolg van armoede, onvoldoende voorsiening van en toegang tot basiese dienste, oorbevolking en onvoldoende skuiling, asook van lug en waterbesoedeling is
- Die onveilige voorsiening van kos die voorkoms van siektes wat deur voedsel versprei, verhoog
- Oordadige vlakke van geraasbesoedeling 'n negatiewe uitwerking op die leefomgewing het
- Swak beroepsgesondheid en -veiligheid lei tot gesondheidsrisiko's

4.13 Omgewingsopvoeding

'n Verbintenis tot steun vir die bevordering van toepaslike omgewingsopvoeding en -bewustheid in die Stad Kaapstad en in plaaslike regeringstrukture. Dié verbintenis behels onder meer:

- Opvoeding en bewustheid van gesondheid en veiligheid, afval en herwinning, omgewingsregte en die Stad Kaapstad se hulpbronne
- Steun vir omgewingsopvoeding wat 'n begrip van en waardering vir die omgewing verbeter, asook vir die geleenthede wat dit skep, terwyl 'n etiek van gesamentlike verantwoordelikheid vir die omgewing onder alle inwoners bevorder word

4.14 Veiligheid en sekuriteit

Met 'n besef dat talle gemeenskappe in die Stad Kaapstad onaanvaarbare misdaadvlakke ervaar, is 'n verbintenis tot steun vir misdaadvoorkoming en die vermindering van misdaad nodig. Dit behels onder meer 'n verbintenis tot:

- Steun vir ontwikkeling wat 'n volhoubare bestaan vir almal skep en bydra om misdaad te verminder deur kwesbaarheid aan te spreek
- Die bevordering van veilige leefomgewings vir alle gemeenskappe in die SK
- Die oorweging van veiligheid en sekuriteit in alle beplanningsaspekte

4.15 Omgewingsbestuur

Met 'n besef dat doeltreffende omgewingsbestuur in die Stad Kaapstad tans gevestig word, 'n verbintenis tot:

- Die volgehoue groei in die vaardighede en hulpbronne wat vir omgewingsbestuur in die Stad Kaapstad beskikbaar is
- Steun vir gemeenskaps-gedrewe omgewingsprojekte
- Bevordering van omgewingstrukture in die gemeenskappe
- Oop kommunikasie tussen plaaslike regering, gemeenskappe en alle belanghebbers
- Afdwinging van en voldoening aan omgewingswetgewing, -regulasies en -beheermaatreëls
- Omgewingsbestuur namens mense en die leefomgewing
- Bevordering van vennootskappe om doeltreffende omgewingsbestuur te verseker
- Die insluiting van gemeenskappe in die besluitnemingsproses
- Die bevordering van 'n veilige leefomgewing vir al die gemeenskappe in die Stad Kaapstad

5. Leierskapsbelofte t.o.v. IMEP

Raadslede en senior bestuur sal hierdie belofte onderteken en plaaslike regering daartoe verbind om die beginsels van volhoubare ontwikkeling in die Stad Kaapstad in ere te hou.

LEIERSKAPSBELOFTE T.O.V. IMEP

Ek, die leierskap van plaaslike regering in die Stad Kaapstad, sal verseker dat hierdie Geïntegreerde Metropolitaanse Omgewingsbeleid of IMEP in werking gestel word in alle bedrywighede, planne, programme en stappe wat die plaaslike regering in die uitvoering van sy Grondwetlike en ander verpligtinge ten opsigte van dienslewering en ekonomiese ontwikkeling in die Stad Kaapstad uitvoer. Ek verbind myself tot die bevordering van die beginsels van volhoubare ontwikkeling met die doel om aan vandag se behoeftes te voldoen en hulpbronne vir toekomstige generasies te beskerm en te verbeter.
Ek verbind myself voorts daartoe om strategieë, projekte en programme ooreenkomstig die beginsels en benaderings van IMEP te inisieer, te steun en te dryf, en om te verseker dat alle belanghebbers en rolspelers daaraan voldoen. Ek doen dit in ooreenstemming met die Grondwet en die Nasionale Omgewingsbeleid van Suid-Afrika en die regte en verantwoordelikhede wat daarvolgens op my as bewaarder van ons hulpbronne en bevorderaar van volhoubare ontwikkeling geplaas word.

Geteken: ……

Datum: ……..